Die Hemel

—deur Dr. Peter Hammond

"*Wat geen oog gesien het; wat geen oor gehoor het; wat in niemand se hart opgekom het nie – dit het God voorberei vir hulle wat Hom liefhet.*" 1 Kor 2:9. God het ons met die ewigheid in gedagte geskape. Die Hemel word 550 keer in die Bybel só genoem. Daar word ook met ander name daarna verwys. Dit word as 'n 'beter land' waarna die profete op soek is, beskryf.

DIE OORDEELSDAG WINK

In Heb 11:10 word dit beskryf as *"die stad met stewige fondamente wat God self ontwerp en gebou het."* Jesus Self het in Joh 14:1-2 gesê: *"Moenie ontsteld wees nie. Hou net aan om op God te vertrou en vertrou ook ten volle op My. In die huis van My Vader is daar sommer baie kamers. As dit nie so was nie, sou ek dit vir julle gesê het. Ek gaan soontoe om vir julle plek gereed te maak."* Die Hemel is 'n werklikheid. Jesus het gesê Hy gaan om vir ons 'n plek te berei. Die Griekse woord vir 'plek' is 'topos', waarvan die woorde 'tipologie' en 'tipografie' afgelei is – die beskrywing en die studie van plekke. Die Bybel onderskei tussen drie verskillende hemele (2 Kor 12:2): lug – waar die voëls vlieg (Matt 6:26); ruimte – waar die sterre skyn (Hand. 7:42) en die paradys – wat God se tuiste is (Matt 6:9-10). Daar is een afspraak wat nie een van ons ooit kan misloop nie.

Om die waarheid te sê, nie een van ons sal laat vir die afspraak kán wees nie. *"So is elke mens bestem om net een keer te sterf en daarna kom die oordeel."* Heb 9:27. Daar is niks wat sekerder is as die dood nie en niks wat so onseker is as die tyd waarop dit gaan gebeur nie. Ons moet dus te alle tye gereed wees. Iemand in die skare het daarop aangedring dat die Here Jesus hom moet help om die groter erfporsie waarop hy geregtig was, van sy broer te kry en Jesus se reaksie was: *"Pas op! Moenie gierig wees vir wat jy nie het nie. Ware lewe word nie gemeet aan hoeveel ons besit nie."* Luk 12:15.

PRAKTIESE ATEÏS

Jesus het toe voortgegaan om die gelykenis van die ryk en arbeidsame man te vertel wat baie gehad het. Hy kon leef soos wat hy wou – *"Eet, drink en wees vrolik!"* Maar God het vir hom gesê: *"Jou dwaas! Jy sal vannag nog sterf. Wie sal dan alles kry?"* Luk 12: 19-20. Dit is presies hoe dit sal gaan met enigiemand wat dinge vir homself opgaar, maar nie sy rykdom in God soek nie.

Hierdie ryk man het, t.s.v. sy rykdom, die Ewigheid onvoorbereid tegemoet gegaan. Sy grootste doel was om soveel as moontlik rykdom op aarde te vergader en vir plesier te leef. En die Here noem hom 'n dwaas. Dit is dwaas om nie vir die Ewigheid voor te berei nie. *"Net die dwaas sê vir homself: 'Daar is geen God nie. 'Hulle is korrup en hul dade is boos. Niemand doen die goeie nie."* Ps 14:1. Die ryk man het soos 'n ateïs geleef – asof God geensins bestaan nie.

> ***"Moenie vir julle hier op aarde skatte bymekaarmaak waar motte en roes dit wegvreet en diewe inbreek en roof nie.*** **Matt 6:19**

WEES GEREED VIR DIE EWIGHEID

"Wysheid begin daar waar daar ontsag vir die Here is." Spr 9:10. Die ryk man het egter geen ontsag vir God gehad nie – hy het nie eers oor God nagedink nie. En dit is dwaas! Elkeen van ons behoort altyd gereed te wees om te sterf en die Ewigheid in te gaan – gereed vir God se oordeel. Dit kan enige oomblik met enigeen van ons gebeur. Hierdie ryk man in die gelykenis was 'n selfgesentreerde dwaas. Agt keer in hierdie paar verse verwys die ryk man na homself en sy eie begeertes, maar nêrens noem hy God se naam nie.

SKATTE IN DIE HEMEL

Jesus het ons ook gewaarsku: *"Moenie vir julle hier op aarde skatte bymekaarmaak waar motte en roes dit wegvreet en diewe inbreek en roof nie. Maak vir julle skatte in die hemel bymekaar waar geen mot en roes dit sal kan bykom nie, en waar diewe nooit sal kan inbreek en roof nie."* Matt 6: 19-21. Hoe meer ons in hemelse dinge belê, hoe minder sal ons van die aardse dinge begeer.

E.M. Bounds het in sy boek 'Heaven: a Place, a City, a Home' geskryf: "Earth is but a pilgrim's stay, a pilgrim's journey, a pilgrim's tent. Heaven is a city – permanent, God-planned, God-built, whose foundations are as stable as God's Throne."

John Newton, die outeur van die bekende lied 'Amazing Grace', het eens gesê: "When I get to heaven, I shall see three wonders there – the first wonder will be to see many people there whom I did not expect to see; the second wonder will be to miss many people whom I did expect to see; and the third greatest wonder of all will be to find myself there."

GLORIERYKE PRAG WAT WAG

Die werklike vraag is nie: Is daar 'n plek vir my berei? nie, maar wel: "Is ek voorbereid vir die plek?" Sal jou naam uitgeroep word? Is jou naam in die boek van die Lewe? Jesus sê: *"Ek is die Pad en die Waarheid en die Lewe. Niemand kom by die Vader uit behalwe deur My nie."* Joh 14:6. En hoe sal die Hemel lyk? Ons lees daar sal geen honger en dors wees nie (Openb 7:16), geen hartseer, trane, pyn of dood nie (Openb 21:4) asook geen nag nie (Openb 22:5).

Die Apostel Johannes het 'n kykie van die Hemel gehad: *"Hierna het ek gekyk, en werklikwaar – daar was 'n reuse skare mense wat niemand eers kon tel nie. Hulle het gekom uit elke nasie, stam, volk en taal en het voor die troon voor die Lam stelling ingeneem. Hulle het wit klere aangehad, met palmtakke in hulle hande."* Openb 7:9. Paulus het geskryf: *"Ons weet dat wanneer ons aardse verblyf, wat net 'n tentwoning is, afgebreek is, ons 'n permanente blyplek by God het, 'n huis wat nie met hande gebou is nie, maar wat vir altyd in die hemel bestaan."* 2 Kor 5:1.

IN DIE HEMEL SAL ONS DIE VOLGENDE GENIET:

- Hereniging met geliefdes wat ons vooruit gegaan het (Gen 25:8, 17; 35:29; 49:33; Num 31:2; Deut 32:50)
- Christus sal ons name voor die Vader en Sy heilige engele bely (Openb 3:5; Matt 10:32-33)
- Die Water van die Lewe (Openb 7:16)
- Aanbidding (Heb 12:22-24; Openb 4:9-11; 5:8-14; 7:9-12; 11:16-18; 19:1-7)

IN DIE HEMEL SAL ONS DIE VOLGENDE ERVAAR:

- Glorie (Ps 73:23-24)
- Teenwoordigheid van God (Pred 12:5-7)
- Goddelike gemak (Luk 16:25)
- Die Boom van die Lewe (Luk 23:43; 2 Kor 12:4; Openb 2:7)
- Geleentheid om God te behaag (2 Kor 5:9)
- In die teenwoordigheid van God wees (Fil 1:23) perfeksie (Heb 2:11)
- Besitneming van die skatte wat ons in die Hemel vergader het terwyl ons nog op aarde was (Matt 6:19-21; Luk 12:21; 33-34; 1 Tim 6:17-19)
- Veiligheid t.o.v. die tweede dood (Openb 2:11)
- Gesag oor die nasies en die Môrester (Openb 2:26-28)
- Gemeenskap met God (Matt 22:32)

ONGELOOFLIKE VOORUITSIG

Ons sal verheerlikte liggame hê. Ons sintuie sal skerper wees. Ons weet dat, in vergelyking met ander wesens, ons as mense feitlik doof en blind is. Hoe sal dit wees as ons van die band van sonde verlos is? As ons nou pragtige musiek kan hoor wat ons harte roer, en ons is maar beperk in dié opsig, hoeveel te meer nie wanneer daar geen beperkings in die hemel sal wees nie en ons sonder enige sintuiglike beperkinge kan 'beléér' nie? In vergelyking met arende is ons as mense feitlik blind – veral as jy dink aan die teleskopiese, mikroskopiese, ultraviolet- en infrarooi-sigvermoë waaroor hierdie grootse voëlsoort beskik. Hoe sal dit nie in die hemel wees, wanneer ons visie vergroot is in perfekte herrese liggame nie? Dink net aan die ongelooflike intellektuele stimulasie van 'n sondelose heelal.

ONBESKRYFLIKE SKOONHEID

Ons sondige menslike verstand kan skaars begryp watter ongelooflike intellektuele avonture ons in die hemel gaan beleef. Selfs die grootste genie gebruik maar ietsie meer as 10% van die verstandelike vermoë waaroor hy beskik, hier op aarde. Dink net daaraan as alle hartseer, pyn, verdriet, selfsug, woede, trots, bedrog, duisternis en kwaadwilligheid uit die weg geruim is! Wanneer ons soveel skoonheid, prag en glorie in hierdie sondige ou wêreld kan geniet, dink net watter onbeskryflike skoonheid in die Paradys op ons wag! *"Hy sal elke traan van hulle oë afvee en die dood sal glad nie meer bestaan nie. Ook hartseer of smartkrete of pyn sal glad nie meer bestaan nie. Die ou dinge het eenvoudig verbygegaan."* Openb 21:4.

> ***Maak vir julle skatte in die hemel bymekaar waar geen mot en roes dit sal kan bykom nie, en waar diewe nooit sal kan inbreek en roof nie."*** **Matt 6:20**

ALMAL SAL VOOR HOM STAAN

Ons weet nie wanneer, of onder watter omstandighede, ons lewens tot 'n einde gaan kom nie. Maar wat ons wél weet, is dat wanneer ons sterf, ons voor die Almagtige God - ons Skepper en Ewige Regter – sal verskyn om rekenskap van ons ganse lewens aan Hom te doen. *"Moenie daaroor verwonderd wees nie: Daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en sal opstaan. Dié wat goed gedoen het, sal opstaan om vir altyd te lewe, en dié wat kwaad gedoen het, sal opstaan om veroordeel te word."* Joh 5:28-29. In die dood los ons alles wat ons het, agter en ons neem slegs met ons saam wat ons is. Die karakter waaroor ons op ons sterfbed beskik, is die karakter wat voor God sal verskyn op die Oordeelsdag.

IN DIE LIG VAN DIE EWIGHEID

"Ons dae op die aarde gaan soos 'n skaduwee verby." 1 Kron 29:15. Ons is maar slegs 'n hartklop van die Ewigheid af weg. Hierdie wete behoort ons baie ernstig te stem, asook arbeidsaam en nougeset. Ons behoort ons prioriteite in die lig van die Ewigheid te orden.

Ons behoort ons tyd, talente en skatte te belê waar dit Ewigheidswaarde het – mense van God, die Woord van God en die Koninkryk van God. Met al hierdie kennis, is dit nodig om weer te besin oor jou lewe, jou werk, jou verhoudings, gewoontes en aktiwiteite. Eendag gaan jy voor die Regterstoel van Jesus Christus staan waar *"...Jesus Christus sal oordeel oor die verborge dieptes van ons lewe."* Rom 2:16; *"oor al die goddelose optredes en oor al die skelwoorde"* Judas 1:15 en *"elke mens volgens sy dade."* 1 Pet 1:17.

ALTYD GEREED

Sal enigeen in die Ewigheid: Jammer wees dat ons teveel gebid het; die Bybel teveel bestudeer het; teveel vir God opgeoffer het; te vergewensgesind was; te vrygewig; te evangelisties? Indien jy sou weet dat jy volgende jaar gaan sterf, wat gaan jy gedurende hierdie jaar anders doen? Jy moet te alle tye gereed wees vir dit wat enige tyd kan gebeur. Kan jy, soos Paulus, sê: *"Want vir my is om te lewe, 'n lewe vir Christus, en om te sterf selfs nog beter!"* Fil 1:21. ■

DR. PETER HAMMOND, *sendeling, outeur en konferensiespreker. www.frontline.org.za of 021 689 4480.*